Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-12-12

Geagte ouers

NUUSBRIEF 19/2023

Ons het die einde van die 2023 akademiese jaar bereik. Ek wil graag die beheerliggaam en ons ouers van harte bedank vir die ondersteuning aan die skool. Ek wil ook die personeel gelukwens vir hul aandeel in die sukses van ons skool. ‘n Spesiale dankie aan diegene wie se kinders hierdie jaar in gr. 7 was en met wie ons skool ‘n lang pad gestap het. Ons het groot waardering vir jul aandeel in die welstand van ons skool. Alle sterkte aan ons gr. 7-leerders wat volgende jaar na die hoërskool gaan. Gaan skyn nou jou *Stulting-lig* (Lucem Profer) by die hoërskool.

Kersfees is ‘n baie spesiale tyd van die jaar. Ons wens elkeen van u ‘n geseënde Kersfees toe. Geniet die Kersgety met u geliefdes. Ons sien daarna uit om weer in 2024 met u elkeen saam te werk.

PERSONEEL

Dit is altyd sleg om aan die einde van die jaar personeel te groet en hul te bedank vir die aandeel wat hul gehad het om ons leerders te onderrig. Vanjaar groet ons vir:

Mnr. Louis Janeke – hy immigreer eersdaags na Hongarye;
Mnr. Wian Pienaar het ‘n aanstelling gekry by Laerskool Onze Rust, Bloemfontein;
Mnr. Corrie Coetzer het ‘n aanstelling gekry by Laerskool Cradock en
juf. Danelle Viljoen wat voortaan gaan konsentreer op die Stulting Nasorg.

Ons verwelkom dan ook mnr. Johan Nel wat in 2024 by ons personeel aansluit as een van die Gr. 5-onderwysers asook Mnr. Darius Pretorius (Studente-opvoeder). Ons wens ook me. Celia Marais geluk met die geboorte van haar eersteling en me. Carmen Witbooi geluk met die geboorte van haar dogter.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

LEERLINGRAAD 2024

Ons het reeds die Leerlingraad van 2024 bekend gemaak. Veels geluk aan die hoofleiers wat gedurende die Akademiese Prysuitdeling bekend gemaak is:

Hoofdogter:	*Lienka Botes*	Hoofseun:	*Hanro jv Rensburg*
Onder-hoofdogter:	*Michelle Pienaar*	Onder-hoofseun:	*Scott Lovemore*

Dankie aan die leerlingraad van 2023 onder die leierskap van Zelné Millard en Connor Felix, tesame met Jody Humby en Daniel Theron wat ons leerders met onderskeiding gelei het.

AKADEMIE

Akademiese Top 3: Aan die einde van die akademiese jaar is die volgende leerders in die Top 3 posisies vir die graad geplaas:

GRONDSLAGFASE			
	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3
1 ste	San-Jay Ficks	Lienka jv Rensburg	Emma Basson
2 de	Elmia Strydom / JC Vermaak	Zahid Commons	Franku v Niekerk
3 de		Nina Bredell	Henko Alers
INTERMEDIÊRE FASE			
	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6
1 ste	Amé Spangenberg	William Basson	Elsa Marie Steyn
2 de	Lika Vermaak	Nina Lourens	Ella Cilliers
3 de	Simoné vd Walt	Annemie Botes	Lienka Botes

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

SENIORFASE			
	Gr. 7		
1 ste	Nadia Dreyer		
2 de	Zelné Millard		
3 de	Killian vd Walt		

Veels geluk met hierdie prestasie. Ons erken egter die poging van al ons leerders in die skool. Ons is deeglik bewus dat daar baie leerders is wat baie hard werk en wonderlike prestasies behaal, maar nie noodwendig in die boonste vlak van hul graad of klas geplaas word nie. Welgedaan!

KULTUUR

Musiekaand: Ons jaarlikse musiekaand is op Vrydag 24 November gehou. Ons musiekleerders het die mooiste kitaar-, klavier-, klawerbord- en harmonika-uitvoerings gehou om te spog met hulle mooi talente. Veels geluk!

Grondslagfase Kunsuitstalling: Die kunsuitstalling is weer met groot sukses aangebied. Ouers het ‘n geleentheid gehad om tydens die uitstalling in die saal na hul kinders se kuns te kom kyk. ‘n Virtuele uitstalling is ook gehou. Dankie vir almal se teenwoordigheid.

SPORT

Tuis-oefenprogram: Ons personeel het ‘n ouerbehoefte aangespreek en baie moeite gedoen om ‘n tuis-oefenprogram vir al ons leerders vir die vakansie saam te stel. ‘n Digitale kopie is op die skool se WhatsApp-groep geplaas. Ouers moet asb. toesien dat hul kinders tydens die vakansie hierdie program byhou.

Interhuis atletiek 2024: Vrydag 26 Januarie (*Velditems – Laerskool Stulting*) en Maandag 29 Januarie (*Baanitems – Hoërskool Nico Malan*).

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

OP Krieket: Estian van Staden het verlede week OP Krieket in Johannesburg verteenwoordig. Hy het ‘n fantastiese toernooi beleef met ‘n gemiddelde telling van 45 lopies as kolwer. Sy boul gemiddeld was 21.2 en hy neem ook 6 paaltjies. Hy het ook as veldwerker 4 kolwers uitgevang. Veels geluk Estian!!!

Ierland rugbytoer: Juhan Brits en Lee-Hogan Booysen is tydens die Riebeek Kasteeltoer gekies om deel te wees van ‘n Riebeek Kasteel Uitnodigingsspan. Hulle het vanaf 2-10 Desember rugbywedstryde in Ierland gespeel.

FINANSIES

SIM4SCHOOLS: Die skoolkantoor verkoop simkaarte, lugtyd asook data (pay as you go) teen die goedkoopste tariewe in SA. Enige iemand kan van hierdie aanbod gebruik maak. Die skool kan ook hiermee ‘n inkomste verdien. Kontak asb. vir Colette by die skoolkantoor.

Speletjiesdag 2023: Ons het die skooljaar op Vrydag 24 November behoorlik met ons jaarlikse speletjiesdag afgesluit. Die leerders het hulle gate uit geniet met die meer as 20 speletjies waarvan die leerders kon kies, van kussinggeveg tot sprinkastele, mik en druk tot hindernisbane en natuurlik die spookhuis wat elke jaar die treffer van die dag is.

Skoolfooie 2024: Baie dankie aan elke ouer wat so getrou bygedra het tot hul skoolfooie in 2023. Die skoolfooie vir 2024 is tydens die begrotingsvergadering vasgestel:

- Gr. RR-R: R 19 680 per jaar (R 1789/maand x 11)
- Gr. 1-7: R 18 520 per jaar (R 1684/maand x 11)
- Jaarlikse boekfooi: R 500

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Die skool se bankbesonderhede is as volg:

Bank:	NEDBANK
Tak:	126-317 (Humansdorp)
Rekening No.:	1263020119
Verwysing:	3-syfer rekeningnommer regs bo op elke rekening
E-pos:	skoolfooie@stulting.co.za

Gr. 7 Fondsinsameling – Stulting Valentynsdans: Vrydag 16 Februarie 2024 – bespreek die datum op u kalender.

Tetra-PAK: Baie dankie vir al die melkboksies wat die afgelope 3 maande deur ons leerders skooltoe gestuur is. Ons het die kompetisie gewen!! Ons skool ontvang vroeg in 2024 ons prys – R 25 000 asook 40 skoolbanke. Baie dankie vir u samewerking.

SKOOLADMINISTRASIE

Eerste skooldag 2024: Die skole heropen om 08:00 op Woensdag 17 Januarie 2024. Somer skooluniform word gedra. Donderdag en Vrydag dra leerders hul amptelike skool sportdrag skool toe aangesien alle leerders tydens skoolure aan verskeie atletiek aktiwiteite sal deelneem.

Skoolure 2024:	Gr. RR-2:	07:30 – 13:02
	Gr. 3:	07:30 – 13:32
	Gr. 4-7:	07:30 – 14:00

Ouer-onderwyservergadering: Om 18:00 in die leerders se klaskamers:

Gr. RR-1:	Dinsdag 16 Januarie; en
Gr. 2-7:	Donderdag 18 Januarie.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stulting Klerewinkel: Aangepaste tye: *15 & 16 Januarie 2024* (08:00-14:00); *17, 18 & 19 Januarie 2024* (08:00-14:00). **Normale tye** vanaf 22 Januarie 2024 is Maandae tot Vrydae 07:15-08:15 en 11:00-12:00.

ALGEMEEN

Stulting Nasorg: Die Stulting Nasorgsentrum voorsien ‘n volledige diens aan leerders vanaf Maandae tot Vrydae (13:00-17:00), met hulp in huiswerk en ander nasorgaktiwiteite. Skakel die skoolkantoor of die onderwyser in beheer, me. Danelle Viljoen (0763696096) vir meer inligting.

Stulting se digitale skoolkoerant - In die Visier: Die nuutste weergawe van ons digitale skoolkoerant is beskikbaar op die klas WA-groep, Facebook en die skool se webtuiste.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF